WWF

SOUTH AFRICA



© WWF / Eric Miller

OP PAD NA GESONDE OSEANE EN VEERKRAGTIGE BESTAANSBRONNE VIR KUSGEMEENSKAPPE

# KLEINSKAALSE VISVANGSONES - VIR MENSE EN DIE NATUUR

Suid-Afrika se kleinskaalse visvang (KV)-sektor is die jongste mariene visserysektor om formeel gevestig te word.

Sedert 2012 het die regering gemeenskapsvissers se tradisionele afhanklikheid van mariene hulpbronne om ’n bestaan te maak en as ’n bron van voedselsekuriteit wetlik erken. Die KV-sektor is ook die kwesbaarste van al die visvangsektore. In die meeste van die kusgemeenskappe is daar ’n gebrek aan alternatiewe werkgeleenthede en toegang tot hoërskoolonderrig. Vissers maak staat op mariene hulpbronne wat reeds uitgeput is vir voedsel én om ’n bestaan te maak. Gemeenskapsvissers het ook dikwels beperkte toegang tot markte en mededinging met ander gebruiksgroepe. Sonder positiewe ingryping, word daar verwag dat hierdie situasie gaan versleg, veral omdat ons oseane en kus-ekosisteme ook ongekende bedreigings in die gesig staar.



**>170**

**KLEINSKAALSE VISVANGKOÖPERASIES IS SEDERT 2023 GESTIG**

Koöperasies is regspersone met visvangregte vir 15 jaar ingevolge Suid-Afrika se Beleid oor Kleinskaalse Vissery.

Kleinskaalse visvangsones (KVS) bied ’n opwindende geleentheid vir kleinskaalse vissers om betrokke te raak by die medebestuur van hul natuurlike hulpbronne op ’n plaaslike vlak.

Kleinskaalse vissers sal stappe in ’n KVS kan prioritiseer om hul bestaan en visvangtradisies te handhaaf.

## WAT IS ’N KLEINSKAALSE VISVANGSONE?

’n Kleinskaalse visvangsone (KVS) is ’n aangewese mariene area wat gevestig is om kleinskaalse visvangpraktyke te prioritiseer, en sodoende kusgemeenskappe se geleenthede om ’n bestaan te maak te bemagtig en te beskerm.

Alhoewel die Wet op Mariene Lewende Hulpbronne (Wet 18 van 1998) voorsiening maak vir KVS, bestaan hierdie sones tot op hede meestal net as konsepte. Daar word tans praktiese stappe ontwikkel om hierdie sones te skep. Regulasie 5(3), wat verband hou met kleinskaalse visvang, wat saam met afdeling 17 van die Wet op Mariene Lewende Hulpbronne gelees word, stel die Minister van Bosbou, Visserye en die Omgewing in staat om enige ander regte in ’n afgebakende KVS te beperk/verbied.

KVS sal deur middel van ’n medebestuursraamwerk geïmplementeer word ingevolge waarvan kleinskaalse vissers, die Departement van Bosbou, Visserye en die Omgewing (DBVO) en ander tersaaklike belanghebbendes as vennote saamwerk om die gebied en sy hulpbronne saam te bestuur.

### SLEUTELKOMPONENTE VAN ’N KLEINSKAALSE VISVANGSONE



**Voorkeurtoegang**

Visvangtoegang vir kleinskaalse vissers op plaaslike vlak om kusgemeenskappe se vermoë om ’n bestaan te maak, te beskerm.



**Medebestuur**

Vissers neem op plaaslike vlak deel aan besluitneming oor die bestuur van die sone en natuurlike hulpbronne.



**Medebestuur**

Inklusiewe bestuur van die kleinskaalse visvangsone saam met die DBVO en ander belanghebbendes.

# WAT SAL WAARSKYNLIK BENODIG WORD VIR DIE MINISTER OM KLEINSKAALSE VISVANGSONES AF TE BAKEN?

- ☑ Voorgestelde GPS-koördinate van die sone
- ☑ Sleutelbedreigings wat verminder moet word
- ☑ ’n Gevestigde plaaslike bestuurstruktuur met ’n verwysingsraamwerk wat deur die DBVO erken word
- ☑ Konsep-KVS en verwante bestuursplan moet in die staatskoerant vir openbare kommentaar gepubliseer word.

# WAT IS KLEINSKAALSE VISSERS SE ROLLE EN VERANTWOORDELIKHEDE?

Kleinskaalse vissers is van kardinale belang vir die sukses van KVS. Hul aktiewe deelname verseker dat die sone funksioneel, regverdig en volhoubaar is. Hul rolle sluit in, maar is nie tot dié beperk nie:

- **Medebestuur en leierskap:** Speel ’n leierskapsrol in die medebestuurstruktuur, verteenwoordig gemeenskapsbelange en dra by tot dag-tot-dag-bestuursbesluite en -optrede.
- **Betrokkenheid van belanghebbendes:** Tree op as belangrike skakelpersone tussen die gemeenskap, regeringsowerhede en ander tersaaklike belanghebbendes.
- **Monitering en nakomingondersteuning:** Werk saam met nakomingsbeamptes en owerhede om onwettige aktiwiteite, stropery of ander bedreigings in die kleinskaalse visvangsone te rapporteer.
- **Reëls en regulasies:** Neem deel aan die ontwikkeling en hersiening van bestuursmaatreëls, soos seisoenale sluitings, beperkings op toerusting, en moontlike verbode areas, deur plaaslike kennis en wetenskaplike raad te benut.
- **Beplanning van broodwinning:** Neem besluite oor gepaste alternatiewe of gediversifiseerde bestaansaktiwiteite om te verseker dat dit volhoubaar, kultureel gepas en gemeenskapgedrewe is.

## WAT IS DIE POTENSIËLE VOORDELE VIR MENSE EN DIE NATUUR?



### Kleinskaalse vissers

- Betekenisvolle deelname in besluitneming oor mariene hulpbronne
- Beskerming van kleinskaalse vissers se kultuur en tradisies
- Verbeterde inkomstesekuriteit en verminderde konflik met ander belanghebbende groepe

### Die mariene omgewing

- Verminderde druk op hulpbronne deur ander aktiwiteite te reguleer
- Verbeterde kollektiewe pogings om na ons oseane se gesondheid om te sien
- Gesonder oseane met verloop van tyd.



forestry, fisheries & the environment
Department: Forestry, Fisheries and the Environment
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Die Departement van Bosbou, Visserye en die Omgewing ondersteun die bevordering van kleinskaalse visvangsones

# WAT IS DIE WAARDE VAN ’N KLEINSKAALSE VISVANGSONE?

Die formele erkenning van KVS maak ’n meer inklusiewe benadering tot die bestuur van plaaslike mariene areas moontlik om kleinskaalse vissers sodoende in staat te stel om ’n rentmeesterskapsrol in hulpbronbestuur te speel. Die afgebakende sones bevorder prioriteitstoegang tot mariene hulpbronne vir kleinskaalse vissers, wat hulle help om hul lewensbestaan te beskerm. Dit behoort die sosio-ekonomiese veerkragtigheid van kusgemeenskappe, wat tot dusver gemarginaliseer is, te verbeter.

Die KVS bied ook ’n platform waarbinne empiriese, wetenskaplike inligting en plaaslike kennis geïntegreer kan word om die volhoubare bestuur van mariene hulpbronne te ondersteun. KVS kan gebruik word om belangrike mariene biodiversiteit en eienskappe op plaaslike vlak te beskerm. As hierdie sones mariene biodiversiteit bewaar, kan plaaslike kennis en deelname die langtermyngesondheid van ons oseane ondersteun.

Belangrik: Indien hierdie sones suksesvol gevestig word, bied hulle opwindende potensiaal om as ’n Ander Effektiewe Gebiedsgebaseerde Bewaringsmaatreël (AEGBM) erken te word, ’n kragtige instrument om sosio-ekonomiese en bewaringsdoelwitte te bereik.

Die dringende, wêreldwye fokus op die vermindering van die vinnige verlies aan biodiversiteit het regerings genoop om hulself te verbind tot en te beywer vir die bewaring van 30% van die wêreld se landmassa en oseane. Dit is Teiken 3 van die Wêreldwye Biodiversiteitsraamwerk, ook genoem die 30x30-teiken. Teiken 3 bevorder die beskerming en verbetering van biodiversiteitsoorvloed. 30x30 se oogmerk is ’n meer komplementêre, inklusiewe en bekostigbare benadering wat ’n ewewig tussen mense se lewensbestaan en bewaring handhaaf. Die erkenning van mariene AEGBM’s, soos KVS, is ’n doeltreffende meganisme vir die medebestuur van areas om kusgemeenskappe en die omgewing te bevoordeel, terwyl dit bydra tot 30x30 om mariene biodiversiteit te beskerm.

# KONSEP VIR KLEINSKAALSE VISVANGSONE







Bron: WWF Suid-Afrika

**Figuur:** Voorbeeld van 'n kleinskaalse visvangsone in vergelyking met die *status quo*

## WAT DOEN DIE WWF?

Die WWF streef daarna om veerkragtige visvanggemeenskappe aan die kus te bou deur middel van die implementering van loodsprojekte wat kus en mariene ekosisteme herstel in vennootskap met verskillende gemeenskappe en organisasies.

Die WWF werk saam met gewillige kusgemeenskappe in prioriteitsareas om te help om koöperasies te koördineer en te ondersteun om hulle te help om volhoubare aktiwiteite te identifiseer wat die plaaslike biodiversiteit verbeter én die gemeenskappe en hul broodwinning bevoordeel.

© Text 2026 WWF South Africa

We secure and enhance millions of hectares of land and sea for the wellbeing of millions of people.

FOR NATURE. FOR YOU. wwf.org.za

WWF South Africa is a registered non-profit organisation, number 003-226 NPO
© 1986 Panda symbol WWF – World Wide Fund for Nature (formerly World Wildlife Fund)
® "WWF" is a WWF Registered Trademark.

1st Floor, Bridge House, Boundary Terraces, Mariendahl Lane, Newlands, Cape Town.
PO Box 23273, Claremont 7735 T: +27 21 657 6600 E: info@wwf.org.za W: wwf.org.za